R M Britz, Universiteit van die Oranje-Vrystaat

# Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk. (NGTT deel xxvi, September 1985, 432 – 451).

Dit is van die allergrootste belang dat die Kerk homself van huis uit - in 'n Skriftuurlike sin - reg sal verstaan. Hierdie verstaan kom daarop neer dat die Kerk daarvan rekenskap moet gee dat hy in sy sigbare gestalte en inrigting uniek is teenoor ander menslike gemeenskapsvorme, dat hy vanuit die verkiesende liefde van God opkom en die resultaat van God seheilsbemoeienis met die wêreldis.1 Gevolglik is dit nie om die ewe hoe hy die ordening van sy lewe verstaan en begryp nie. Die kerkorde en die denke wat daarmee saamhang, mag niks anders as 'n doelbewuste uitdrukking van hierdie eiesoortige karakter wees nie. Die doel van hierdie artikel is om die kerkbegrip agter die manier waarop die Ned Geref Kerk homself in sy kerklike inrigting en regering deur die jare heen uitgedruk het, op te diep en in kaart te bring.

In die Ned Geref Kerk het algaande behoefte aan formele bepalinge en inrigting ontstaan. Gedurende die eerste kwart van die 19e eeu is dit saamgestel in die vorm van kerkregtelikereglementering. In 'n voortgaande verwerking en ontwikkeling is aansluiting gevind by drie onderskeie Protestantse kerkregtelike tradisies, elk met sy eie standpunte en nuanseringe. Allereers was daar 'n oriëntering aan die Nederlandse (Hervormde) kerkregtelike denke met sy tipies kollegiale inkleding en reglementele praktyk. Daarna, gedurende die laaste kwart van die eeu, word die inslae van diejuridiese presiesheid van die Skotse presbiterianisme in sy kerklike en teologiese denke opgevang. In die 20e eeu word die kerkreg van die Nederlandse Gereformeerde Kerke bygehaal toe daar in die bresse getree is vir die selfstandigheid van die gemeente. Die fases van ontwikkeling kan beskryf word met verwysing na drie publikasies: N J Hofmeyr, De Kerk en de Rechtbank (1865); J Macpherson, Presbyterianism (sd) en B B Keet, Orde

[432]

in die Kerk (1963). Die werke het óf die kerkregtelike denke by die Ned Geref Kerk tot 'n groot mate geskool, óf dit vertolk.2

I

Met die "liberale stryd" in die 6de dekade van die 10e eeubeleef die Ned Geref Kerk 'n keerpunt in sy geskiedenis waarin hy gedwing word om sy teologiese standpunte uit te klaar.[3]Die brandpunt daarvan verskuif gaandeweg van die geestesingesteldheid en die

---

[1]Vgl. W D Jonker, "Die unieke karakter van die kerk" in *In die Skriflig*, Jg. 11 Nr. 43 Sept 1977, 4ev.

[2]*De Kerk en de Rechtbank* (Kaapstad 1865) is 'n ideale toegangsweg tot die opvatting van die kerk by die Kaaps-Hollandse kerk gedurende die eerste helfte van die 19e eeu. Hierin vertolk Hofmeyr dit vanuit 'n Nederlands-Hervormde gesigspunt. *Presbyterianism* (Edinburgh s d) van Macpherson word in die tagtigerjare as eerste handboek vir kerkreg aan die Seminarium voorgeskryf. Die keuse van hierdie werk dui op die Skotse teologiese invloed soos dit in 'n opvolgende fase in die kerkregtelike denke van die kerk deurgewerk het. Sedert 1919 doseer Keet as opvolger van De Vos kerkreg aan die Kweekskool op Stellenbosch. Hy vervang die voorgeskrewe handboek met 'n diktaat wat hy *GereformeerdeKerkreg* (ongepub. klasaantekeninge Stellenbosch s d) noem. Hy gryp terug op die tiperende uitgangspunte wat in die beoefening van die kerkreg in die kring van die Geref Kerken van Nederland figureer. Hy sit ook 'n proses van kerkregtelike navorsing aan die gang. Daarmee wys hy homself as die baanbreker vir 'n nuwe fase in die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk aan. In 1963 vat hy sy kerkregtelike gedagtes saam in die boek *Orde in die kerk*. Uitgegee in Stellenbosch, is dit bedoel as 'n handleiding vir ouderlinge, diakens en lidmate.

[3]Vgl. o. a T N Hanekom, *Die Liberate rigting in Suid-Afrika. 'n Kerkhistoriese studie.* Stellenbosch, 1951 en P B van der Watt. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962. 'n Kerkhistories-kerkregtelike studie*, Kaapstad, 1973.

belydenisskrifte na die verhouding tussen kerk en staat.[4] Die kerk word in die krisis gedompel deurdat die Kaapse regbank sinodale besluite i v m leertugaangeleenthedetersydestel. Ten einde koers aan te wys, klaar N J Hofmeyr die verhouding tussen*De Kerk en de rechtbank* OP.[5] AS professor aan die Kweekskool op Stellenbosch kon hy in meer as een opsig die vinger op die pols van die Kaaps- Hollandse Kerk hou. Hy wil sy "mede christenen in deze kolonie"[6] voorgaan in 'n oorsig en ondersoek "naar aanleiding van de jongste bemoeijingen der regtbank met de zaken der Gereformeerde Kerk". Die titel is tiperend. Die saak (of aard) van die "Gereformeerde Kerk" het in die gedrang gekom. Dit moes opnuut uitgemaak word. Onderliggend aan die wyse waarop Hofmeyr die saak benader en uiteensit, is 'n duidelike kerkbesef ingeprent.

Hofmeyr beywer hom daarvoor om die kerk waaraan hy behoort teen oor die regbank te handhaaf. Die punt waarop dit vir hom aankom, is dat

[*433*]

die Kaapse Kerk in eie reg geordenis. Daarin is hy onafhanklik. Hy laat dit met 'n teologiese oorweging gepaard gaan. Die eiendomlike van die kerk begin by sy Goddelike oorsprong en verordening: "God zelf heeft hem bij zijne wedergeboorte uit den Heilige Geest, dit karakter blijvend medegedeeld."[7] Dit is hom onuitwisbaar en onvergelykbaar ingedruk. Hiermee wil Hofmeyr aantoon dat dit vir die regbank eintlik onmoontlik is om 'n houvas op kerklike aangeleenthede te hê.

Verder is Hofmeyr daarvan oortuig dat die teologiese oorweging hom ook in die "kerkvorm" en "kerkleer" van die Kaaps-Hollandse Kerk laat geld. "Onze kerk noemt zich een *presbyteriaansch gereformeerd kerkgenootschap*. Zij is presbyteriaansch in haar *bestuur,* gereformeerd in hare *leer*."[8]Virsypresbeteriaansebestuursvormen die gereformeerde leer het die kerk hom deur die Heilige Gees laat voorsê. Gevolglik hou Hofmeyr voet by stuk: Die regbank het nie aanspraak op die kerk nie. tensy die kerk natuurlik bg. kombinasie op die een of ander wyse opgee. Vir die Kaaps-Hollandse Kerk is dit in elk geval ondenkbaar.[9] Die Kaapse Gereformeerde Kerk is nie 'n "kerkgenootskap" sonder meer nie. Met die begrip "kerkgenootschap" bedoel Hofmeyr dat die "gereformeerde leer ... niet minder dan de prebyteriaanschekerkvorm, de onmisbarevorwaardeonzeronderlingevereeniging tot eenkerkgenootschap, in de naam van Jesus Christus het Hoofd der Kerk" is.[10] As "uitdrukking der godsdienstige waarheid" is die kerkorde en die geloofsleer meer as net 'n onderlinge kontraktuele ooreenkoms.[11] Die presbeteriaanse"kerkvorm"komweer daarop neer dat die kerk effektief bestuur word deur sy verteenwoordigers (d w s die ampsdraers) vanuit die kerklike vergaderinge, met name die sinode.[12] In sy argument om die optrede van die regbank grondig af te wys, lyk dit of Hofmeyr aan die kerkleer 'n gewigtiger posisie as aan die"kerkvorm"toesê. Sodra die gereformeerde leer as "eerbiedwaardige oorblijfsel uit den oude tijd" bewaar word, en "niet meer hare aankleving tot voorwaarde van onderlinge

---

4 S. du Toit. *Professor N. J. Hofmeyer, 1827 – 1909. Predikant in die lesinglokaal*. Ongepub. D.Th. proefskrif, US 1984, 251.

5. Hierdie boekie is wyd gelees. Daarin neem Hofmeyr twee reeds verskene pamflette op wat hy voortgaandetoelig. Vgl. S du Toit,*a w* 222ev

6 N J Hofmeyr, a w ix.

7*Dies,* 36ev. Vgl. ook 122ev, 138ev.

8*Dies,* 37ev.

9In*dies*, 37, stel hy dit duidelik. "Houdt zij ter wille der wereld op een presbyteriaansch en gereformeerd kerkgenootschap te zijn, dan heeft zij het van God haar medegedeeld karakter verloochend en is zij ontrouw geworden aan de leiding des Heiligen Geestes uit wie zij geboren is."

10*Dies,*40-41.

11*Dies,*127ev.

12*Dies,* 37ev.

vereeniging handhaven, worden wij eene presbyteriaansche broederschap, houden wij op een gereformeerd kerkgenootschap te zijn."[13]13 Kenmerkend van die (Kaapse) gereformeerd-presbeteriaansekerkgenootskap is dat hy 'n eiesoortige "kerkelijke regtspleging"beoefen.

[*434*]

Onafhanklik van die burgerlike of gemene reg.[14] In hierdie sin - so bedoel Hofmeyr dit - is die Kaapse kerkgenootskap in *eie* reg georden.[15] Word dit nie erken nie, is "het kerkbestuur, en daarmede de kerk, als goddelijke verordening ... ontbonde".[16]

Die feit dat die Kaapse Kerk 'n onafhanklike werkswyse het, baseer Hofmeyr in besonder op 'n juridiese argument. Hy maak 'n saak daarvoor uit dat die regbank *de jure*hom allermins met kerklike sake kan inlaat. Hy werk hierdie argument sorgvuldig uit, sodat die indruk geskep word dat dit vir hom swaarder weeg as wat hy in 'n teologiese sin aangevoer het. Hy meen dat Ordonnansie 7 (1843) as wet, en gepromulgeer na aanleiding van die algemeen*geldende* Hollands-Romeinsestaatsregstelsel die "van Christus ontvangene regtsbevoegdheid" van die kerk beskerm en waarborg.[17] As "Calvinistische rechtsbegrip" staan dit teenoor die Britse Erastiaanse beginsel waarvolgens die staat wel kerklike sake in behandeling neem.[18] Die Britse soort staatsreg geld egter nie in Suid-Afrika nie. Dit kan daarom nie anders nie dat die "kerkelijke jurisdictie" aan homself oorgelaat moet word nie. Sou die regbank (onwettig) hierop inspeel, besluit Hofmeyr, is "onze kerkgenootschap ... gene Christelijke kerk meer!"[19]

Dit lê voor die hand dat Hofmeyr vanuit 'n skerp omlynde kerkbesef dink. Hierdie begrip van die kerk word toegespits in die uitdrukking "kerkgenootskap" wat hy naas. en in onderskeiding van "kerk" hanteer. Ongetwyfeld bedoel hy met eersgenoemde die openbare sigbare *vorm* waarin die kerk geskik word. Die kerk, wat onsigbaar en na sy wese geestelik is, vind uitdrukking in die vorm van die kerkgenootskap. Die begrippe"kerk"en"kerkgenootschap" by Hofmeyr kanteruggevoer word na die onderskeid wat die in Suid-Afrika invloedryke 19e eeusekerkregtelike H J Rooyaards - "na wie gansch Nederland met eerbied plag te luisteren"[20] - in sywerk*Hedendaagsch Kerkrecht bij de Hervormden in Nederland,* maak tussen

[*435*]

"weze"en"vorm" van die kerk.[21]"In de geestelijke vereeniging bestaat ... het *wezen* der Kerk,

---

[13]*Dies,* 41.
[14]*Dies,* 38, 44ev, 100ev.
[15]Vgl. *dies*, 107: "Voor de echt presbyteriaansche kerk is de onafhanklijkheid van de burgerlijke regtspleging een wezenlijk deel van de geopenbaarde godsdienst".
[16]*Dies,* 134. Vgl. ook 55
[17]Vgl. *dies*, 74: "Onze kerk begeert niets meer dan dat het Romeinsch Hollandsch Reg op haar worde toegepast. Hare geestelijke, hare van Christus ontvangene regtsbevoegdheid, hare*jurisdictio propria* is dan naar wensch beschermd."Vgl. in*dies,* 32 71ev, 86ev en 102ev vir sy interpretasie van Ord 7 van 1843.
[18]Hofmeyr stel die Britse en Nederlandse regstelsels teenoor mekaar. Die Engelse staatsreg, Erastiaanse regsbeginsel en die Episkopaalse kerkgenootskap waarin die kerk in die staat opgaan, opponeer die Hollands-Romeinse staatsreg, Calvinistiese regsbeginselen die presbeteriaansekerkgenootskap, waarin die kerk en staat geskei word. Vgl. *dies,*18, 70 en 79ev
[19]*Dies,* 135.
[20]*Dies,* 95.
[21]Die werk van Rooyaards is in twee dele in Utrecht uitgegee; Deel I in 1834 en Deel II in 1837. 'n Saak kan daarvoor uitgemaak word dat hy die kerkregtelike denke by die Kaapse Kerk diepgaande beïnvloed het. Baie van die Suid-Afrikaanse studente wat aan sy voete sit, gee later leiding in die Kaapse kerk. A M Hugo stel 'n lys van hulle op 'n artikelreeks "Herman Johan Rooyaards, 'n vriend van ons Kerk" (*Die Kerkbode*, Nr. 19 Deel LXXXIV, 11 Nov 1959, 748); G W A van der Lingen (1822-1831); J C le F Moorrees (1827-1832); P E Faure (1828-1833); J J Brink (1828-1834); E H F de Roubaix (1828- 1834); H A Moorrees (1835-1839); A F du Toil

in de genootschaplijke inrigting kenmerkt zich de *vorm* der kerk.[22] Hieragter staan die liberale en populêre 19e eeuse verstaan van die kerk as ’n menslikesamelewingsverskynsel wat as sodanig tot nut van almal georden moet word. Die inrigting word opgestel in geldende wette en bepalinge of deur die staat, of deur ’n gemagtigde kerkbestuur.

Die onderskeiding“kerk”en“kerkgenoodschap” was gedurende die 19e eeu in die spraakgebruik van die Kaaps-Hollandse Kerk wyd in omloop.[23] Dit is derhalwe duidelik waarom Hofmeyr dit gebruik. Tog wil hy nie enduit daarin opgaan nie.[24] Hy dink gekwalifiseerdoor“kerkgenootschap”. Desnieteenstaande is aan die begrip “kerkgenootschap”tog ’nnie- teologiese verstaan van die kerk ingebou. Hofmeyr raak in terminologie

[*436*]

verstrengel wat hierby inpas. Hy praat byvoorbeeld van “kerkelijke regtspleging”, “kerkelijke jurisdictie”, “magtsbevoegdheid en regtsgebied der kerk”, ens. Die kerk kan soos ’n gewone vereniging met ’n staatswet beskerm word. Deur aan te voer dat die Hollands-Romeinse reg wettiglik aan die kerk ’n vrye hand waarborg, haal Hofmeyr wat hy wil weer, netjies by ’n agterdeurtjie in. Dit is die konsekwensie van die verstaan van die kerk in ’n genootskaplike sin. Hy neem die regering van die kerk uit die hande van die regbank. maar plaas dit toe op ’n manier weer terug in dieselfde hande of in die hande van kerkmense. Hy kom nie daartoe om dit in die hande van Christus te plaas nie. Die kader van begrippe wat hy gebruik, is te eng om die wese van die saak te tref. Aan ’n burgerlike deug kan die kerk van Christus nie gehou word nie. In werklikheid draai Hofmeyr net die wiel om. En so vernietig hy ’n groot deel van sy goeie bedoelinge. Hy breek nie die omlysting waarmee die rasionalisme die idee van die kerk as ’n wetlik omlynde en gesentraliseerde genootskap mee afgewerk het, uit nie.[25]

Die kerkbegrip van Hofmeyr is ’n vertolking van die gangbare konsep van ’n oorkoepelende

---

(1835-1839); P J S du Toit (1835-?); P K Albertyn (1836-1841); W A Krige (1836-1841); J Murray (1845-1848); A Murray (1845- 1848). J H Neethling (1846-1849); N J Hofmeyr (1848-1850) en H E Faure (1848-1851). Sy werke is aan die Kaap gelees en selfs in die Kweekskool voorgeskryf. Sy Compendium word in *De Gereformeerde Kerkbode* Deel XIV, 1862, 318, opgegee vir die vak kerkgeskiedenis. Buitendien was hy ook op die hoogte met die kerkregtelike ordening van die Kaaps-Hollandse Kerk. Gedurende 1848 verskyn 'n opstel oor “De Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika (Kaap de Goede Hoop), in haren kerkrechtelijken toestand, vooral in betrekking tot Nederland, beschouwd door Herm Joh Rooyaards” in die*Nederlandsche Archief voor Kerkelijke Geschiedenis,* Dl 8, 273-368. Uit die wette en bepalinge van die Ned Geref Kerk is dit vir hom duidelik dat die patroon gesentraliseerd ontwikkel; die kerk is n gemeenskaplike genootskap waarin die belange van die onderlinge gemeentes beskerm word. Vgl. *dies,* 320.

[22]H J Rooyaards, *Hedendaagsch Kerkrecht bij de Hervormden in Nederland*, I. 36ev.

[23]Die “Kerken-ordre” van De Mist was ongetwyfeld die groot stimulus om die begrip “kerkgenootschap”huishoudeliketaalgebruik by die Kaaps-Hollandse Kerk te maak. Ook in die geskiedskrywing wat in hierdie eeu by die kerk op gang kom, duik die begrip dikwels op. Sien bv. die historiese opstelle van Meent Borcherds in*Het Nederduilsch Zuid- AfrikaanscheTijdschrift* (1824-1830) en die *Redevoering bij het tweede eeuwfeest ter herinnering aan de vestiging der christelijke kerk in Zuid-Afrika gehouden in de Grootte Kerk in de Kaapstad op Dinsdag den 6 April 1852* deur A Faure

[24]Hofmeyr is gereserveerd t o v die rigting waarin die Ned. Herv. Kerk beweeg. Hy kom meer aan die kant van die konfessionele rigting in hierdie kerk uit soos dit bv. deur die “Zeven Haagsche Heeren” vertolk is. Gedurende sy studentejare maak hy die beroeringe i.v.m. die hersiening van die Reglement van 1816 mee. Ook het hy kennis gedra van die presbeterialebesef wat hom laat geld het (hoewel effens) in die hersiene reglement van 1851. Sien Hofmeyr, *a w,* 73. Vgl. ook A J Rasker, *De Nederlandsche Hervormde Kerk vanaf 1795. Haar geschiedenis en theologie in de negentiende en twintigste eeuw,* Kampen, 1974, 156ev. Hofmeyr vind ook aansluiting by die Reveil, vgl. a.w. 42. Hy verwerp ook die leervryheid wat sedert 1816 in die Nedl. Herv. Kerk geduld word; *dies,* 24, 153.

[25]Sien B Spoelstra: “Die invloed van Calvyn op die geldende kerkordes in Suid-Afrika 1652-1983” in*Studia Historiae Ecclesiasticae*X, 1984, 51.

kerkgenootskap en kerksentriese ekklesiologie[26] wat in die verskillende kerklike ordereëlings tot 1870 by die Kaaps-Hollandse Kerk ingeskryf is. Op 25 Julie 1804 kry die *Provisionele Kerken-Ordre voor de Bataafse Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop* gestalte onder die vaardige pen van kommissaris-generaal J A de Mist.[27] Die gesentraliseerde en genootskaplike kerkbegrip wat hieruit weerkaats word, is nie teologies of Skriftuurlik bedink nie. Die kerk(genootskap) as menslike maaksel word deur ’n staatswet beskerm. Dit blink uit in die manier waarop die gesag van die staat oor die kerk beskryf word. Die kerk word daarin as genootskap organisatories van ’n piramidale gesagstruktuur voorsien. Spoelstra is nie verkeerd as hy daarop wys dat dit iets totaal nuuts was om die Kaapse Kerk kollegialisties as een oorkoepelende kerkgenootskap te beskou nie.[28] Met die aanvaarding van die kerklike reels van De Mist kon binne die Kaaps-Hollandse Kerk die inbeelding van ’n saamgestelde kerkbegrip posvat. Toe die Kaaps-Hollandse Kerk gedurende November 1874 vir die eerste keer in sinodale verband vergader, word die kerklike lewe noukeuriger beskryf in die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche*

[*437*]

*Hervormde kerk in Zuid-Afrika*.[29] Die kerk kom hier aan die woord oor homself. Die kerkbegrip is gesentraliseerd en na die model van die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk van het Koninkrijk der Nederlande (dd. 7 Jan 1816)* ingerig.[30] ’n Skriftuurlike kerkbegrip en teologiese beredenering bly in die slag. Die Kerk begin om oor homself te dink vanuit ’n sinodale struktuur - ’n bestuur aan die hand van ’n statuut. By die sinode van 1837 word besluit om die bestaande kerklike “wetten” te hersien. ’n Nuwe kerkwet word ontwerp. Die kerkbegrip agter hierdie wet is in lyn met die ontwikkeling van 1802 tot 1824.[31] Die eietydse interpretasie van die “Wetten en Bepalingen voor het bestuur der Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, gerevideerd in de algemeene kerkvergadering gehouden in de Kaapstad op den 1sten November en volgende dagen van het jaar 1842 en bekrachtigd door eene ordonantie van de wetgewende raad op den 8sten November 1843”[32] was dat die spreekreg van die staat in kerklike sake hiermee opgesê is. Die werksaamhede van die Sinodale kommissie word beskryf. In 282 artikels word die kerklike lewe georden. ’n Sentripetale kerkbegrip word funksioneel geklee. Die bediening van die kerk word hieraan gehou.[33] Die wette en bepalinge wat in 1859 verskyn, is aansienlik uitgebrei. Die Kerk het homself in sy verband en organisasie gevind, in ’n Suid-Afrikaanse konteks. Tog is dit in ’n duidelike oriëntering aan die Nederlands-Hervormde kerkregtelike denke.

Oor die hele historiese horison 1804-1870 dui die kerkregtelike ontwikkeling by die Kaaps-Hollandse Kerk daarop dat die kerkbegrip saamgesteld op die kerkverband (sinodaal)

---

[26]*Dies,* 56-68.

[27]Vir 'n bespreking van hierdie “kerkorde”, sien E P J Kleynhans*Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962. n Kerkhistories- kerkregtelike studie. Bloemfontein.* 1974.28ev. I09ev, 294ev; F A H van Staden:*Kerkorde in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk(e) in Suid-Afrika 1652-1970***,** *ongepub DD-verhandeling.* UP, 1972, 121-137; en B Spoelstra: *a h,* 56ev.

[28]B Spoelstra: *a w,* 56, 61.

[29]*Vgl. Reglementenvoor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika ontwerpen voor het bestuur der Hervormde Kerk en genomen in de Algemene Kerkvergadering gehouden binnen de Kaapstad op den 2 November envolgendedage van het jaar 1824,* Kaapstad, 1825.Sien ook E P J Kleynhans: *a w,*119-183; F AH van Staden: *aw,* 172-183.

[30]Vgl. A J Rasker: *a w,*26ev; Th L Haitjema: *Nederlands Hervormd Kerkrecht,*Nijkerk, 1951,41 ev.

[31]Vgl. E P J Kleynhans:*a w,* 131-140; F A H van Staden:*a w,* 195-207.

[32]Kaapstad, 1844.

[33]Die bepalinge m.b.t. die sinodale kommissie en die bestuur deur die ring en kerkraad, herinner aan die manier waarop Rooyaards dit behandel. Sien Rooyaards:*a.w.*Dl I**,**78ev en 99ev.

aankom. Teen hierdie agtergrond werk Hofmeyr steeds sy kerkbegrip in ’n genootskaplike sin uit. Die belangrikste gevolg hiervan is dat dit op ’n nie-teologiese verstaan van die kerk berus. Die erns en ywer waarmee Hofmeyr hom tot die saak van die Kerk verbind, vergoed nie vir die gemis aan Skriftuurlike en daarom konfessionele kerkbegrip nie.

II

Die direkte teologiese invloed uit Nederland en veral Utrecht het begin afneem toe die Ned Geref Kerk in 1859 daartoe kom om sy teologiese

[*438*]

opleiding self te behartig.[34] Hoewel die koers wat Hofmeyr aangedui het, op ’n dooiepunt uitloop, het die Kaaps-Hollandse Kerk ’n afgebakende konfessionele bewussyn uit die liberale stryd oorgehou. Dié bewussyn vind neerslag in die hersiende“Wetten en Bepalingen”van 1873.[35] ’n Tipiese begrip en inbeelding in ’n gereformeerde sin werk hierin deur. Die belydenisgrondslag word omskryf. Ook word van die algemene kerk gepraat as bestaande uit gemeentes en nie uit persone nie. Die kerk kom egter nie daartoe om geheel en al vanuit sy belydenis te dink en sy bediening daaruit waar te neem nie. Dit word gepaar met die aksent op herlewing in ’n Skots-evangeliese sin. Hieruit ontwikkel ’n kenmerkende bedieningspatroon. Aan werkswyses en verenigings eieaan die evangeliegesindes is in toenemende mate vasgehou. Leiersfigure het hulle invloed laat geld, veral A Murray. Dit laat Brown opmerk: “Oortuig van ’n saak het hulle nie altyd op amptelike goedkeuring gewag nie, maar genootskaplik opgetree. Soms is van kommissies gebruik gemaak ... Met onvermoeide ywer het hulle as indiwidue daarvoor ingestaan en gevolg daaraan gegee.”[36] Die Kaapse Kerk se eie behoeftes en uitgangspunte is al meer in berekening gebring. Veral sy dienswerk aan die armes, wat hy sinodaal laat waarneem, het die kerk as instituut na 1875 sterker na vore laat kom.[37] Die korporatiewe kerkbegrip is al minder genootskaplik geklee en al meer in ’n funksioneel-pragmatiese en kerksentriese sin bedink.

Hierby kom nog dat die vrysinnigheid in die Ned. Herv. Kerk hom onder verdenking gebring het. Die Kaapse Kerk vind eerder aansluiting by die konserwatieweSkots-presbeteriaanseteologie.[38] Afrikaanse teologiese studente wat na die buiteland gaan vir verdere studie, doen dit gevolglik veral in Skotland, bv. J I Marais. Op 6 November 1877 is hy as derde professor aan die Seminarium bevestig. Twee-en-veertig jaar sou hy hier arbei. Ook P G J de Vos studeer ’n tyd lank aan die New College van die “Free Church of Scotland” in Edinburgh. In 1883 word hy beroep as professor na Stellenbosch.[39] In die 'wetten en Bepalingen” van 1884 word die vak kerkreg as selfstandige dissipline opgegee. Na die sinode van 1886 volg De Vos ’n

[*439*]

---

[34]Weliswaar lei Hofmeyr en Murray met huldoseerwerk die TeologieseSeminarium in aansluiting by die apologeties-behoudende teologie van Doedes en van Oosterzee. In Nederland was lg. teoloë daarop uit om die Christelike openbaringsgeloof teen die modernisme te verdedig.

[35]Sien E P J Kleynhans: *a w,* 140-142; E Brown:“Die spoor wat die Ned Geref Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20e eeu gevolg het” in*NGTT,*XX (4) 1979, 79ev.

[36]E Brown: *a w,* 79.

[37]Vgl. P F Greyling, *Die Nederduitse Gereformeerde kerk en Armesorg,* Kaapstad. 1939; en *M T S Zeeman: Die armesorg werk van die Nederduitse Gereformeerde kerk is Suid-Afrika met spesiale verwysing na die werk van die Vrystaatse kerk*, Bloemfontein, 1957, 36-47.

[38]Dit moet in die oog gehou word dat die Skotse teologiese skole erkenning verleen het aan die kursus van Stellenbosch. Die Nederlandse universiteite het dit nie gedoen nie.

[39]Vgl. B B Keet: “Die oorlede professore. Kortlewenssketse” in*Gedenkboek van die TeolSeminarie (NG Kerk) Stellenbosch. Driekwart Eeufees 1859-1934.* Stellenbosch 1934,96ev.

beskrywingspunt van ds. A Moorrees op en word 'n handboek vir kerkreg voorgeskryf. Die keuse val op 'n werk uit Skotland: *Presbyterianism* van John Macpherson.[40] Daarmee het kerkreg as teologiese dissipline 'n staanplek in die kurrikulum van die Kweekskool bekom. Vir meer as 30 jaar word teologiese studente kerkregtelik hierdeur gevorm. Die invloed hiervan moet nie onderskat word nie.

Soos in die geval van Hofmeyr, word die benadering van Macpherson deur 'n bepaalde kerkbegrip gestempel. Meer as Hofmeyr is hy hom bewus van die kerkregtelike tradisie en geskiedenis van sy kerk.[41] Die "bevryding" en stigting van die "Free Church of Scotland" het hom diepgaande beïnvloed. In die lig hiervan is dit begryplik waarom hy die kerk in 'n onafhanklike struktuur (en na analogie van?) van die Staat probeer hou.[42] Dit is asof hy reageer teen 'n ingebore vrees dat die kerk van sy gesag en regte beroof kan word. Die kerkregering is by hom 'n deeglik verantwoorde sisteem van kerklike regs- en magsbeoefening. Hy sit dit in sy werk uiteen en tipeer hierdie manier van kerkregering as"presbyterianism". Sy kerkbegrip is kerksentries waarin hy uitgaan van 'n algemenekorporatieweeenheidskerk wat oorhomself effektief gesag uitoefen deur middel van (regerende) ampsdraers en kerklike howe.

Hieruit moet nie afgelei word dat "Presbyterianism, as form of church government", 'n saak van menslike willekeur is nie. Inteendeel, dit korreleer

[*440*]

aan die Skrif.[43] Hiermee wil Macpherson verseker dat die kerkregering in sy hele linie op Skriftuurlike basis rus. As *jus divinum* is die reg tot kerklike magsbeoefening 'n bybelse opgaaf.[44] Dienooreenkomstig moet hierdie mag uitgeoefen word in 'n presbeteriaanse sin. Uitgaande van die universele priesterskap van die gelowiges hou Macpherson vol dat die kerklike mag gevolglik aan die hele kerk toekom.[45] Op die manier word lidmaatsregtegewaarborgteenoorenige klerikalistiese (episkopaalse) of outokratiese magsuitoefening. Dit beteken egter nie dat hierdie magsbeoefening op 'n suiwer

---

[40]John Macpherson was 'n invloedryke predikant in die Vrye Skotse Kerk. Na sy dood in 1883 is *Presbyterianism* gepubliseer in die reeks *Handbooks for Bible Classes and private students*, onder redaksie van Whyte en Kelman.

[41]Een van die mees dramatiese momente in die geskiedenis van die Skotse kerk was die skeuring van 1843. Tydens die sinode van daardie jaar het die verskil van mening m.b.t. staatsbemoeienis in kerklikeaangeleenthede aan die een kant. en die sluipende modernisme aan die ander kant, tot breekpunt gekom. Chalmers word die leier van 'n beweging wat tot kerkstigtingoorgaan. Hulle noem hulleself die "Free Church of Scotland" - onafhanklik van die staat en uitgesproke evangelies-konfessioneel. Macpherson staan in hierdie skool van denke. Oor die kerkregering word deurendeurpresbeteriaans, in 'n Skotse verwerking, gedink. Met reg kon hulle hul op 'n tradisie beroep wat teruggaan tot op Calvyn. Dit was egter Th Besa. medewerker van Calvyn, wat die stuwende kragagter die presbeteriaansekerkregeringstelsel word. Vir die ekklesiologie van Besa. Vgl. T Maruyama: *TheEcclesiology of Theodore Beza. The reform of the True Church,* Genève, 1978, veral hfst. 12. Vgl. ook J Plomp:*Presbyteriaal-Episcopaal?,* Kampen, 1967, 14ev. 24ev. Besa het grootinvloed uitgeoefen op T Cartwright, W Travers en A Mellville. Uit die Skotse kerklike verlede is die *First Book of Discipline* (Knox) en die *Second Book of Discipline*(Mellville) oorbekend. Hulle ontstaan in 1560 en 1578 onderskeidelik. Die hoë (onoortrefbare) predikaatwaarmee die presbeteriaans-sinodalestelsel van kerkregering in Skotland versier word, vind sy oorsprong in 'n besluit van die Westminster Sinode (1645) wat bepaal dat "de kerk volgens de Schrift niet anders mag worden geregeerd dan presbyteriaal-sinodaal". Sien J Plomp, *a* w, 7.

[42]Vgl. Spoelstra: *a* w, 72ev.

[43]Vgl. Macpherson: a w, 6: "The doctrine of the church out of which it will be possible to construct church constitution on Presbyterian principles, must be evangelical. It must go directly to Scripture as the ultimate authority for all its fundamental principles."

[44]*Dies,* 8ev.

[45]Sien *dies,* 19: "In matters of church organization and government, Presbyterianism is the constitutionalism which at once recognizes popular rights, assigning the right of church power to the whole church, and conserve these rights for the adequate accomplishment of those ends for which they have been conferred."

demokratiese wyse in die hande van lidmate beland nie. Dit word volgens Macpherson, op grond van die Skrif, aan die ampsdraers as verkose verteenwoordigers van die gelowiges by die kerklike howe, toegewys. So word die belange van die hele kerk en die van die lidmate gelyktydig beskerm.

By die beskrywing van die kerklike vergaderinge gaan ’n definisie van hierdie “Church courts” vir Macpherson voorop. “By church courts Presbyterians means associations the membership and jurisdiction of which are expressly laid down in the constitution of the church. The functions of those courts have been described as legislative, executive and judicial.”[46] Die sisteem van “church courts” dien ’n dubbele doel: Dit skep die geleentheid om die kerk te regeer, appèl aan te hoor en om die regte van die lidmate te beskerm. Tweedens is dit uitdrukking van die kerklike eenheid.[47] Hierdie howe is op Skriftuurlike en rasionele gronde aan mekaar onderhorig.[48]“The presbytery has jurisdiction over the session, the synod over the presbytery. The control is authoratative and not simply advisory.”[49] Die hoogste kerklike vergadering (of hof is die sinode. Dit is verteenwoordigend van die hele kerk.[50] In hierdie manier van dink is die kerkverband ’n oorkoepelende struktuur waarin die kerklike howe opeen gestapel word in ’n organisasie wat die eenheid van die kerk saamgesteld uitdruk. ’n Mens kan nie anders nie as om die kerkbegrip by Macpherson as struktuursentries

*[441]*

op te vat nie met die ampte en die kerkvergaderinge (of die “presbytery” en “assemblies”) as die pilare waarop dit rus.[51]

By nader toesien blyk dit uit Macpherson se groot voorliefde vir segswyses met ’n regs burgerlike klank soos byvoorbeeld “church courts”, “legislative, executive and judicial functions”, “church power”, “popular rights”, ens dat hy in sy ekklesiologie die Skriftuurlike pretensie – endaarmee saam die Skrif – opdie agtergrond stel. Inderwaarheid munt hy uit in die manier waarop hy sy kerkbegrip na analogie van die burgerlike regspleging vergestalt. Die burgerlike hof en owerheid word ’n kennisleidendebelangvir die verstaan van die kerk. Hy skep (teen sy bedoeling in) die indruk dat die kerk op ’n manier “soort”-gelyk funksioneer aan die wyse waarop regspleging in die algemeen geskied. Deur oor die kerk te bly dink binne die raam van ’n samelewingskategorie neem die gevaar toe dat hy misverstaan kan word deur hom te verwar met die inbeelding wat in verband met so ’n sigbare patroon in die samelewing bestaan. Een gevolg hiervan is dat die grens tussen samelewing en kerk gerelativeer word, ’n Oortuigende bewys is die omskrywing en verstaan van die kerkregering as kerklike magsbeoefening.

Macpherson is nie in staat om behoorlik weerstand te bied teen ’n substansiële of institutêre verstaan van die kerk nie. Dit word aangewakker deur die kerkstruktuur met gesag te beklee en in magsuitoefening te laat voorgaan. Omdat die kerk opkom uit die genade, is dit prinsipieel onmoontlik om daaraanregsaansprake (bv. lidmaatsregte) of magsbeoefeningtoe te ken. Die kerk en kerkregering is op hierdie wyse“geslote”. Dit staan nie oop na Christus en die Woord nie.

---

[46]*Dies,* 103.
[47]*Dies,* 1-2, 128.
[48]*Dies,* 127; Sien ook 120: “With reference to church government the principle involve the Presbyterian arrangement of church courts is the right of supervision and review on the part of more comprehensive assemblies of the proceedings of inferior and local courts.”
[49]*Dies,* 121.
[50]*Dies,* 146ev.
[51]Sien Spoelstra:*a.w.,*67, 73.

Die ekklesiologiese gedagtegang van. Macpherson vind algaande aanklank by die Ned Geref Kerk. Sy aksent op diep eenheid van die kerk soos dit in die sinode tot uiting kom, pas in by die bestaande korporatiewe en saamgestelde beeld in verband met die kerk. Bowendien is in die begrip "presbeterianisme" 'n kragtigekoppeling ingebed ten opsigte van die tradisionele vertolking van die ordening van die kerklike lewe. Die hersiene *"Wetten en Bepalingen* van 1903 gaan langs die weg uit waarop met die 1873-hersiening begin is. Hierin word – gesienvanuit gereformeerde oogpunt – 'n regstelling vir die bediening van die kerk gemaak.[52] 'n Suiwering van die kerkregering is aangebring in die verandering van die woorde"hoogere"en"laagtere"en"meerdere" en "mindere". Die regsburgerliketerminologiewaarmee die sinodale vergadering as wetgewend,regsprekendenbesturendomskryf is, word geskrap. Die "Kerkelijke beampten"gaan die "Kerkelijke bestuur" vooraf. Dit laat F A H van Staden konkludeer: "Dit is dus 'n ooreenstemming met die gereformeerde beginsel

[*443*]

gebring. In die Wet is alle tekens, as sou die Kerkraad en Ring nie tot hulle reg in die kerkregering kom nie, verwyder."[53]

Tog bly 'n konsekwente erkenning hiervan in die kerkregering uit. Behalwe dat die kerklike inrigting steeds noukeurig in 'n kerkwet gegiet is, gee die geskiedenis blyke daarvan dat hierdieregstellings die presbeteriaanseinslag in die Ned Geref Kerk nie kon oorkom nie. Sedert 1862 het vier Ned Geref Kerke in die onderskeie provinsies in eie sinodale verband en in eie reg opgetree. Die aandrang om die kerke in een kerkverband tereg te laat kom is op die punt gedryf deur die nasionalistieseeenheidstrewena die TweedeVryheidsoorlog. Om uitvoering hieraan te gee, was 'n probleem. Daarisbesluitomtefedereer. "... sodat elkeen der Kerken haar samestelling met haar wetgewende rechtsprekende en administrerende macht zal blijven behouden."[54] In hierdie verband merk Brown op dat die histories-kerklike strukturering van "mag, of liewer magsbeoefening, bepaalde gewig gekry het in die regering van die Ned Geref Kerke".[55] Agter hierdie magsbeoefening kan die invloed van Macpherson gemerk word. Op p 103 van die boek wat in my besit gekom het, het die student die volgende kantaantekening gemaak: "'nKerkelijk hof geeft te kennen 'n vereniging of 'n lichm samengesteld op't gezag van woord uit lede v d kerk om kerklike zaken te regelen en waar de jurisdictie gepaald wordt door de wetten v.d. Kerk." Sou dit die definisie van prof. De Vos wees? Dit wil lyk asof daar sedert kerkreg as teologiese dissipline aan die Kweekskool tot sy reg gekom het,"'nkarakteristiekepresbeteriaanse element in die kerkregtelike denke by die Ned Geref Kerk skuilgaan. Die Kerk het steeds sy bediening in 'n gemeenskaplike verband en kollektiewe sin laat beoefen, aan die hand van 'n groot aantal stelreëls. Treffende bewys hiervan is die manier waarop prof. J. du Plessis die kerkregering by die Ned Geref Kerk gedurende die eerste en tweede dekades van die 20e eeu in die presbeteriaanseidioomverdedig het.

III

Gedurende 1963 word *Orde in die Kerk* van prof B B Keet uitgegee. Dit is gebore uit en opgestel na aanleiding van sy klasaantekeninge *Gereformeerde Kerkreg.*[56] Sedert 1919 (toe

---

[52]Vgl. hiervoor F A H van Staden: *a* w, 219ev; E P J Kleynhans: *a* w, 142 en E Brown: *a.w.,* 279, 283.
[53]F A H van Staden: *a w,* 223.
[54]*Handelingen van de Ned. Herv. of Geref. Kerk, 1906*, 147. Aangehaal by E Brown*:a w,*281.
[55]*Dies,* 283.
[56]Dit is deur Pro Ecclesia op Stellenbosch gedruk. maar nooit gepubliseer nie. Keet het "met besondere helderheidenprinsipiëlebelynheid die kerkregdoseer". So tipeer J D Vorster hom in "Kerkreg op Reformatoriese grondslag".*Die Kerkbode,* Dl LXXXIV, 28 Oktober 1959, 665.

Keet aan die Seminarium op Stellenbosch as dosent bevestig is) gaan hy hiermee teologiese studente in die kerkreg voor. Aan die hand van dogmatiese onderskeidinge en gestel in ’n tiperende

[*444*]

teologiese idioom omlyn Keet sy kerkbegrip in hierdie geskrifte. Dit val ’n mens op dat hy op ’n ander manier oor die kerk en kerkregering dink as Macpherson. Soos dit die geval was by Hofmeyer, leer Keet se kerkbegrip by nederlander, Abraham Kuyper. Laasgenoemde staan in ’n ander kerk en ’n ander teologiese tradisie as Rooyaards. Keetgryp met name terug op die gedagtegangenbegrippemateriaal van Kuyper se*Tractaat van de Reformatie der kerken aan de zonene der reformatie hier te lande op Luthers vierde eeuwfeest.*[57] Hoe het dit gekom dat Keet so sterk aan Kuyper gaan orienteer het? Na die groot Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902) droog die stroom studente na Skotland op. Een van die redes was ’n sterk anti-Britse gevoel in Suid-Afrika. As dit verder in gedagte gehou word dat dit juis Abraham Kuyper was wat die Suid-Afrikaanse krisis simpatiek ondervang het,[58] is dit nie vreemd dat al meer studente uit die Ned Geref Kerk hul wegna die vriie Universiteit in Amsterdam begin vind het nie. Hiervan was Keet onder die eerstes.[59] Daar is hulle bewus gemaak van ’n uitgesproke Gereformeerde benadering in ’n Neo-Calvinistiese sin soos dit in die kring van die Gereformeerde Kerken in Nederland gestel is. Hier is kerkreg prinsipieel en Skriftuurlik beoefen met noue aansluiting by die posisie van die gereformeerde ortodoksie.[60] Dit was meer as ’n nuwe teologiese idioom vir die kerklike spraakgebruik wat die Suid-Afrikaanse studente hier opgevang en by die Ned Geref Kerk laat posvat het. As ’n wending in die dinktradisie gee ditaanleiding tot groepering en differensiëring binne die Ned Geref Kerk. Veral uit die kringe waarin die Skotsepresbeteranismesigselfsterklaat geld het, is dit as “Kuyperianisme”gestigmatiseerenonder verdenking geplaas.

Die agterdog is versterk toe dit duidelik word dat die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (GKSA) in die einste idioom homself teologies vind en daarin na vore tree.[61] Die GKSA laat nie hierin na om die geskiedenis en kerklike inrigting van die Ned Geref Kerk by te haal en as ’n getuie teen hom te gebruik nie. Dit sit om in ’n langdurige polemiek en apologie tussen

[*444*]

hierdie kerke.[62] Gedurende die twintigerjare kry die meningsverskil ’n akademiese kleur met die publikasie van twee proefskrifte deur lidmate van die GKSA. Beide is promovendi van die Vrije Universiteit. C J H de Wet beskryf *Die Kollegiale Kerkreg*[63] (1921) terwyl P J S de Klerk die *Kerk en Sending in Suid-Afrika*[64] (1923) nagaan. Beide toon aan dat die kerkregering by die Ned Geref Kerk met sy tradisionele bedieningspatroon vanuit die sinode, funksionele kerkbegripensaamgesteldeeenheidsgedagtekollegialisties van aard is. As

[57]Amsterdam, 1884.

[58]Sien sy *De Crisis in Zuid-Afrika.* Uit die “Revue des deux Mondes” vertaal deur C KElout, Amsterdam 1900.

[59]Die eerste student uit die Ned GerefKerk wat aanhierdieinrigtingpromoveer was W A Joubert met 'n proefskrifoor *De verhouding van gelooven en weten in de Nederlandsche Theologie der 19 e eeu in het bijzonder bij Doedes en van Oosterzee*, Amsterdam, 1910. Hierdie werk word nie goed deur die redakteur van *De Kerkbode*ontvang nie. (Vgl. Dl 1, 324-325; 397-398). In 1913 word Keet se proefskrif oor *De Theologie van Ernst Troeltsch* in Amsterdam gepubliseer.

[60]SienhiervoorRasker: *a* w, 171ev. H Algra: *Het wonder van de 19e eeuw. Van vrije kerken en kleine luyden*, 4de Druk, Franeker, 1976, 304ev se benadering in hierdie verband is uit GKN-standpunt.

[61]J D du Toit (Totius) was die groot krag agter die proses waarin die Geref Kerk in Suid- Afrika, veral na 1906, in aansluiting by hierdie teologiese tradisie sterker na vore tree.

[62]Hierdie polemiek is indie verskillende kerkblaaie en pamflette opgeteken.

[63]Amsterdam, 1921.

[64]Amsterdam, 1923.

hoogleraar aan die teologiese Kweekskool te Stellenbosch tree J du Plessis vir die Ned Geref Kerk in. In sy apologie stel hy homself op die Skotsepresbeteriaansestandpunten ag die Nederlands- gereformeerde benadering derhalwe te sluitend na binne gerig. Hy is uitgesproke in sy afwysing van die manier waarop *De Gereformeerde Kerk in wording en werking*[65] sy regering verantwoord en teweegbring. Ditlykindependisties, onpresbeteriaans, onprakties"endaaromverwerpliktezijn".[66]Hierteenoormeen Du Plessis dat die presbeterianisme, wat "een opklimming van kerklike besturen aanneemt, waaroor de eenheid der kerk gehandhaaft wordt. en het nodige wetgevende, uitvoerende en rechterlijke gezag voor het kerkbestier verkregen wordt", die teken is van 'n deeglike eendragtig geordende en effektiewe kerklike lewe.[67]Deur"kerklijken besturen met opklimmend gezag" te verwerp en vir die gemeente "algehele onafhankelijkheid" op te eis, word die algemene eenheid van die kerk verloën. Hy gee toe dat daar geen "lidmaatschap van de Kerk denkbaar zonder een lidmaatschap van of in een partikuliere gemeente, maar het is evenzeer waar, dat er geen plaatselike gemeente denkbaar is, die niet ingelijfd is in een algemene Kerk."[68] So is die lid van 'n gemeente altyd ook lid van die algemene Kerk.

Du Plessis word nie net vanuit die GKSA[69] geantwoord nie, maar ook vanuit sy eie kerk by monde van 'n kollega, B B Keet. Vandag, agterna, is dit duidelik dat twee teologiesegedagtestrominge (in verband met die kerkregering) met stampe en stote in die persone van Keet en Du Plessis ontmoet het. Dit was Keet wat die onderlinge differensiëring in die Ned Geref Kerk na die oppervlak gebring het. Die punt waarop die meningsverskil aangekom het, was die kerkbegrip. Vir Keet is die plaaslike kerk die beginpunt: vir Pu Plessis is dit die algemene kerk. En elkeen druk homself uit in

[*445*]

'n kenmerkende begrippe-apparaat: Du Plessis stel die presbeterianismeteenoor die independentisme. Keet wil die knoop vir die gereformeerde kerkreg teenoor die kollegialisme deurhak. Onomwonde werk Keet hierdie gedagtes uit in sy redevoering by die sluiting van die klasse in 1924: *Na honderd jaar. De regeringsvorm van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk aan de Gereformeerdebeginselengetoetst*.[70] Dit word die skoolvoorbeeld van die "nuwe" kerkregtelike standpunt binne die Ned Geref Kerk sonder om te ontken dat daar geen gereformeerde spoor in sy kerkregering te vinde is nie, bring Keet kollegialistiese tendense in die Ned Geref Kerk oortuigend aan die dag. En hy wil dit in 'n gereformeerde sin vervang. Uit wat tot dusver oor die polemiek en apologie tussen die Ned Geref Kerk en die GKSA in hierdie verband gesê is, kan dit verstaan word waarom sy standpunt hom aanvanklik verkwalik is.[71] Hy sou in die hand van die onaanvaarbare"Kuypenaanse"uitgangspuntespeel. En wat sy kerk betref, aan eie vlees sny. Keet het egter deurgedruk.

In die drie genoemde geskrifte verantwoord Keet hom telkens ten opsigte van die kerkbegrip en kerkregering. Hy praat Kuyper na. Vir hom is die kerk veelkantig. Aan die een kant is hy sigbaar. Aan die ander kant onsigbaar.[72] Hy tree sigbaar en onmiskenbaar na vore in 'n instituut. Terselfdertyd waaier hy ook weer uit onder die maatskaplike lewensvorme in as 'n

---

[65]Sien J du Plessis: *De Gereformeerde Kerk in wording en werking. Voorafgegaan door een*kortberichtaangaande'tontstaanvan de Ned Herv. Kerk, *s u, s d.*

[66]*Dies*, 143.

[67]*Dies*, 125.

[68]*Dies*, 141.

[69]Vgl. J A du Plessis: *De Gereformeerde Kerk en Kerkregering gehandhaafd,*Bloemfontein, 1925.

[70]Stellenbosch, 1925.

[71]Vgl. vir bespreking hiervan E P J Kleynhans: *a w,* 145ev en E Brown: *a* w, 286ev.

[72]Vgl.*Gereformeerde kerkreg*, 3;*Na honderd jaar* **...,**5; en*Orde in die Kerk,* 14.

organisme.[73] Kerkregering en kerkreg, sê Keet, staan in verband met die sigbare kerk in sy geïnstitueerde vorm met sy ampte, bedieninge en vergaderinge. Dit moet die inwendige en uitwendige orde reël sodat die kerk nie in anargisme verval nie. Dit beteken dat die ordening van die kerklike lewe op die vlak van die "welwese" van die kerk lê.[74] Daarteenoor is die "wese" van die kerk die vergadering van ware gelowiges, waarvan Jesus Christus die Hoof is.[75] Deur sy kerkbegrip op hierdie wyse uiteen te sit, beoog Keet om vir die regering daarvan 'n Skriftuurlike en konfessionele basis te voorsien. Wanneer hy vanuit sy dogmatiese onderskeidinge deurstoot na 'n beskrywing van die kerklike lewe, is daar geen twyfel daaraan dat hy die kerklike bediening by die plaaslike kerk onderdak wil bring nie. Sy konsentrasie op die plaaslike gemeente as volkome, komplete kerk[76] beteken dat kerk en kerkverband, anders as by Du Plessis, nie saamval nie. Volgens Keet is sinodes en ringsvergaderinge inderwaarheid samekomste van kerke deur afgevaardigdes uit die plaaslike gemeentes. Die kerkverband neem bindende besluite kragtens die eenheid van die liggaam van Christus en die

[*446*]

vrywillige ooreenkoms wat tussen deelhebbende gemeentes ten opsigte van die belydenis, liturgie en kerkregering bestaan.[77] Op hierdie wyse is die gereformeerde kerkregering gelyktydig "aristokraties" en "demokraties".[78] Die gesag in die Kerk kom van Christus en laat hom voel op die terrein van die bediening van die Woord en die sakramente.[79]

In die bydrae van Keet is 'n prinsipiëleenSkriftuurlikeboefening van die kerkreg aangewend. Die klemverskuiwing na die plaaslike kerk was 'n nodige en goeie korreksie. Hierbenewens wys sy opvatting van die kerkbandnogduidelikeruit dat hy met 'n ander verstaan van die kerkregering as dié, eieaan die presbeterianisme, werk. Met dit alles gesê, slaag hy nie daarin om die ingebeelde en saamgestelde kerkbegrip by die Ned Geref Kerk af te breek nie. Om die kerkverband "konfederatief" te bedink, vind nie inslae nie. Bo en behalwe dat die kerklike eenheid daarmee in die slag bly, kom die gesag en die werksaamhede van die meerdere vergaderings in gedrang. Eerder as om Keet (en Kuyper) se standpunte huidjie en muidjie oor te neem, toon die voortgaande beredenering van die kerkreg en kerkregering by die Ned Geref Kerk gevolglik 'n tipiese verwerking waarin dit wel bygehaal is. Die "plaaslike kerk" is hierby inbegrepe, maar die vraag na die gesag van die meerdere vergaderinge tot die van die plaaslike gemeente bly in hierdie verwerking 'n knooppunt.[80] Dit staan vas dat hieruit die nawerking van die persbeterianismeafgeleeskan word. Deur die toedoen van Keet duik die opvattings van en teologiese oriëntering aan die Geref Kerken in Nederland terselfdertyd in die kerkregtelike literatuur van die Ned Geref Kerk op. Die groot meester uit die geledere van die Geref Kerke in Nederland was F L Rugters (1836-1917). Deur 'n reeks van geskrifte en deur sy vele adviese was hy die luide stem wat die pas aangee om die Geref Kerken in Nederland kerkregtelik op gang te laat kom. Eintlik was hy die vader van 'n skool wat navolging sou vind. In die studies wat van die pers vloei, onderskei bekende name hulleself en vind in Suid-Afrika ook navolging by die Ned Geref Kerk: H H Kuyper, Biesterveld, H Bouwman, Sillevis Smit, Nauta en andere. Kenmerkend hiervan is die beroep op Voetius, die Dordtse sinode en Calvyn. Dit word simbole van gereformeerde regsinnigheid. In

[73] *Gereformeerde kerkreg*, 3;*Na honderd jaar* **...,**6; en*Orde in die Kerk,* 3ev.
[74] *Orde in die Kerk,* 4 – 5.
[75] Vgl. *Na honderd jaar* ..., 5;*Orde in die Kerk,* 14.
[76] *Gereformeerde kerkreg*, 16;*Na honderd jaar* **...,**8 – 9; en*Orde in die Kerk,* 14 – 16, 3.
[77] *Na honderd jaar* ..., 12-13; *Orde in die Kerk*, 122ev.
[78] *Orde in die Kerk*, 28.
[79] *Gereformeerde Kerkreg*, 17, 65ev.
[80] *E Brown: a w,* 288.

hierdiekerkregkaderonderskei twee benaderings hulleself. Dit is hoofsaaklik die vraag na die aard en die gesag van die kerkverband wat die wee uiteen laat gaan. F L Rutgers en sy volgelinge laat ’n kongregasionalistiese skadu op die kerkverband val. Andersins is gevoel – met H H Kuyper en H Bouwman as die leidende figure – dat die kerkverband hegter is as ’n konfederasie van plaaslike kerke. In die Ned Geref Kerk is kerkregtelikes uiteraard meer geneë ten opsigte van laasgenoemde benadering. Dit

[*447*]

blyk uit die wetenskaplike navorsing op die gebied van die kerkreg by hierdie kerk sedert die dertigerjare.

Gedurende 1934 doen J H Eybers in sy proefskrif ’n ondersoek na *De Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*.[81] Hy identifiseer ongewenste elemente in die figurendekerkwetteenmaak erns met die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Hy gee toe, maar pas terselfdertyd aan by die kerkregtelike praktyk deur die saambindende belang en gesag van die sinodale vergaderings in die kerklike lewe nie te verminder nie. Sewe jaar later lig H J Pienaar *Die inrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* kerkregtelik toe.[82] Sy interpretasie van sinodale gesag is meer“presbeteriaans” (Du Plessis) as “gereformeerd” (Keet). FE O'B Geldenhuys klaar *die regsposisie van die kerkraad, ring en sinode onder die gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die gefedereerde Ned Geref Kerke in Suid-Afrika* in ’n dissertasie wat hy in 1945 aan die regsfakulteit van die Universiteit van Stellenbosch voorlê, uit.[83] Sy benadering is uit ’n regswetenskaplike hoek. En dit, merk Brown op, werk sinodokrasie in die hand.[84] Uit hierdie, en nog ander werke, is dit duidelik dat die Ned Geref Kerk hom aan ’n regswetenskaplike inkleding van sy kerkregering hou wat die oortuiging versterk dat die sinode die kerk aan sy eenheid bind en ’n gesag in eie reg het.[85] Dit staan in lyn met die begrip wat die Ned Geref Kerk sedert die 19e eeu van homself het. Die kerk bly dink oor homself in ’n kerksentriese oorkoepelende sin.

Opvallend is dat hierdie ontwikkeling en verwerking gedurende die 20e eeu, behalwe vir aansluiting by die tradisionele denkbeeld, eintlik reeds by die kerkbegrip van Keet, self ingegee is. Soos Kuyper werk hy met ’n gedogmatiseerdeverstaan van die kerk. Veral teen die onderskeiding “instituut” en “organisme” is van verskillende kante kritiek teen Kuyper ingebring, omdat gemeen word dat hy daarmee ’n soort dubbele kerkbegrip voordra. Die draagwydte van die kerk as “organisme” kan so opgevat word dat dit hom in die omgewing van die Roomseverkerkliking van die samelewingbring.[86] Andersyds word daarop gewysdat die institusionalistiesetendens in sy denke ’n beeld van die kerk as organisasie naas ander organisasies oproep wat uitloop op ’n afswakking van die belydenis van die aktuele regering van Christus in sy gemeente.[87]. Dit wakker ’n soort statiese, kerksentriese en gestruktureerde begrip van die kerk aan. Keet versterk

[*448*]

daarmee hierdie soort verstaan van die kerk deurdat hy die kerkreg en die kerkregering by die

---

[81]Pretoria, 1934.
[82]Kaapstad, 1941.
[83]Gedurende 1951 word dit deur Van Schaik in Pretoria gepubliseer.
[84]E Brown: *a w,* 293ev.
[85]Vgl. in hierdie verband D C G Fourie: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regspersoon in die AfrikaansePrivaatreg,*ongepub. LLD-verhandeling, PU vir CHO 1973
[86]Sien J A Heyns: *Die Kerk*, Pretoria, 1977, 198.
[87] Sien A. le R. du Plooy: *Kerkverband. Gereformeerd-kerkregtelike studie.*Ongepub. proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Onderwys. 1982, 13lev.

kerk as “instituut” laat tereg kom. Boonop skryf hy dit by die “welwese” van die kerk in. Daarmee gee hy aan die kerk ’n sekere selfstandigheid as ’n samelewingsverband, al is dit dan ’n “besondere soort vereniging waartoe nie slegs volwasse gelowiges behoort nie, maar ook kinders”.[88] Die kerk het daarom soos alle ander institute en organisasies in die wêreld sy ordereëlings om hom van anargisme te vrywaar.[89] Teen hierdie agtergrond moet Keet se onderskeid tussen “kerk” en “reg” in sy verduideliking van die begrip “kerkreg” verstaan word.[90] Dit kom vir hom daarop neer dat daar ’n reg vir en in die kerk is. Hieruit blyk waarom hy die regering van die kerk laat korreleer aan ’n sigbare institutêre kerkbegrip. Dit is ’n verstaan van die kerk wat hom in die buurt van die tradisionele saamgestelde kerkbegrip by die Ned Geref Kerk bring. Ook sorg die onderskeiding “reg” en “kerk” daarvoor dat die regswetenskaplike inkleding van die kerkregering sy gang vind. Vir sy begrip van die kerk staan Keet nie diep genoeg in die Woord en die evangelie nie. Hy laat hompootjiedeurgedogmatiseerdenie-Skriftuurliketerminologie. Gevolglik verbaas dit nie dat sedert Keet die aandag vir die “plaaslike kerk” gevra het, dit in die oorkoepelende kollektiewe denkbeeld van die kerk eerder bygekom het, as om die kerkregtelike denke daarop toe te spits nie.

Na 1960 kom ’n teologies-kritiese tendens en inslag in die kerkregtelike denke by die Ned Geref Kerk sterker na vore.[91] Uit die herstel van die sinodale verband in 1962 kry die kerk ook vir die eerste keer ’n kerkorde.[92] Aanvullende bepalinge en reglemente word egter daarby gehou. Hierdie bepalinge, merk Van Staden op, sorg “dat die kerk eintlik nog vasgevang sit in die greep van sy ou Wette en Bepalinge wat die kerk in elke opsig gereglementeer het en tot die letter van die wet gebind het”.[93] Vir Jonker was dit ’n ernstige vraag “of ons kerkregtelik met hierdie stap veel gevorder het”.[94]

Agter die manier waarop die Ned Geref Kerk steeds sy kerkorde bepaal

[*449*]

en reglementeer staan n saamgestelde korporatiewe en gestruktureerde begrip van homself. Dit is sterk en solied ingeprent waarin die kerk voorgestel word as bestaande uit die sinodale-. die rings- en gemeentelike vlakke. Om hierdie samestelling ordelik aan die gang te hou, is meer as net ’n kerkorde nodig. Die bepalingeenregelementemoetdit help stipuleer En dit kweek wat Noordmans genoem het, kerkregtelike “fundamentalisme”.[95] Die Ned Geref Kerk verstaan homself as ’n saamgevoegdeeenheidskerk. Dit blyk veral uit die manier waarop hy sy bediening sinodaal laat waarneem. Dit wreek hom op die gemeentelike lewe deurdat hierdie lewe toenemend vervlak tot die insameling van fondse om die reusagtige sinodale masjinerie en bediening in stand te hou. Gevolglik lei die kerk aan sinodokrasie. Boonop verkerklik die “sinodale-predikante” die sinode. In hierdie verband moet gewys word op die

---

[88]B B Keet,*Orde in die Kerk*,32.
[89]*Dies*, 4.
[90]*Dies*,1ev
[91]Uit die*stroom publikasies* na 1960 word die volgende*geselekteer:* W D*Jonker:En as jou broeder sondig* **...,** Kaapstad, 1959: W D Jonker: Die sendingbepalinge van die Ned***Geref Kerk van Transvaal, in*** *Kerk en Wêreld* ***(4), Potchefstroom, 1962, W D Jonker:*** *Om die regering van Christus en sy Kerk,* ***Pretoria, 1965; A J Smuts:*** *Die 2de Sleutel. Riglyne vir die lug*, Pretoria, 1968: T H N Stadler: *Die Kerklike tughandeling*, Pretoria, 1979; P Coertzen: *Die regering en opbou van die Kerk inStellenboscheTeologiese Studies* (7), Kaapstad, 1981; E P J Kleynhans: *Gereformeerde Kerkreg 1 en 11***,** Pretoria, 1982 en 1984respektiewelik.
[92]Vgl. F AH van Staden, a w, 424-238.
[93]*Dies*, 426.
[94]W D Jonker: “Die bevoegdheid van die streeksinodes volgens Artikel 35 van die nuwe Konsep-kerkorde” in *NGTT,*1 (2), 1960, 34**.**
[95]O Noordmans: “Paulus komt en Petrus gaat. Hervormde overpeinzingen”, in *Verzamelde Werken*(8), Kampen, 1980, 445.

opgeboude burokrasie en uitgebreide werk van kommissies en sekretarisse. Daar word selfs voorsiening gemaak vir direkteure van inligting en vir die aanstelling van 'n hoof uitvoerende amptenaar(!).

Dit kan nie ontken word dat so 'n werkswyse funksioneel is nie. Die vraag wat by 'n mens bly steek is of die Ned Geref Kerk homself vanuit die Skrif reg verstaan het toe hy die ordening van die kerklike lewe op hierdie manier gaan omskryf en beoefen het.

IV

Die sprekendste bewys dat die Ned Geref Kerk oor homself vanuit 'n algemene en kerksentriese struktuur dink, is die manier waarop hy sy kerklike lewe georden het. Hierdie kerkbegrip is diepgaande by sy lidmate ingeburger. Uit wat een en ander in hierdie verband ten opsigte van so 'n kerkbegrip opgemerk is, blyk dat hieronder 'n funksionele en pragmatiese basis sit wat 'n Skriftuurlike en teologiese verstaan van die kerk kniehalter. Behalwe dat die fyn uitgetrapte stelle reglemente en bepalinge die kerklike lewe knel, staan die huidige kerkorde meer in die teken van die denke van die gereformeerde ortodoksie met hul skolastiese inslag as in lyn met die bedoeling van die oorspronklike reformatoriese kerkordes. Die reformatore het dit beklemtoon dat die waarheid van die regering van Christus in sy Kerk in Hom self lê. In hulle kerkordes het hulle bely dat die regering van die Kerk in die hande van die lewende, persoonlike en aktuele Christus is. Die reëlings wat hulle vir die kerklike lewe getref het, was niksmeer as lewensordesvir die gemeente rondom die erediens waarin die Woord en die sakramente bedien is nie.[96] Daarmee het hulle daaraan probeer uitdrukking gee dat Christus as lewende Here van die gemeente dit deur sy Woord en Gees regeer. So gesien lê die ruimte van 'n kerkorde in sy uitgesproke

*[450]*

saaklikheid – in die sin dat dit die regering van Christus in sy Kerk tot uitdrukking bring. Min woorde moet daarin verspil word. Dit mag nie ontaard in 'n stapelplaas van reglemente en bepalinge nie. Dit is onnodige en verwarrende bagasie wat die teologiese uitgangspunte uitrafel en in die wiele ry. 'n Goeie kerkorde maak dit duidelik dat hy na alle kante oop wil bly vir die Woord van Hom wat die Here van die here en die Koning van die konings is.[97]

Dit spreek vanself dat elke artikel in die kerkorde versier behoort te wees met die toepaslike Skrifverwysings. Hy hoort tuis in 'n kerkboek waarin al die formuliere en die belydenisskrifte saamgebundel is vir gemeentelike gebruik. Natuurlik kan 'n deeglike kommentaar by die kerkorde opgestel word om leiding te gee. Dit impliseer egter dat gebreek sal moet word met die kerkbegrip wat huidig aan die kerkorde en kerkregering by die Ned Geref Kerk onderlê. Op hierdie wyse sal die kerkbegrip by die kerk verdiep en die regering daarvan onbevange teruggeplaas word in die hande van Christus wat verkies om self sy gemeente te regeer, te versamel en te behou. Dan sal die Ned Geref Kerk ook wat betref sy kerkregering. wees wat hy nog altyd graag wou wees.

Om die stand van sake goed te begryp, is kennis nodig van die oorde waaruit hierdie kerk sy manier van kerkregering bymekaargemaak het. Hierop is kortliks ingegaan, en tussen die lyne ook aangedui dat in hierdie verband daar op die kerk 'n agterstallige teologiese rekening wag.

Dit is van die allergrootste belang dat hierdie rekening vereffen moet word.

---

[96]W D Jonker:*Om die regering van Christus in sy Kerk. Pretoria*. 1977, 6ev, 13.
[97]*Dies*, 29.